

STAP

VIR

STAP



fresh

NES JY IS. WAAR JY IS

Ons is tans besig om te kyk na stappe om blywende verandering te laat gebeur. Dalk het jy slegte gewoontes waarvan jy ontslae wil raak, dalk het jy stagneer en in 'n gemaksonde beland.

Stap 1: Blywende verandering begin by Eerlikheid. Begin met 'n eerlike assesering van waar jy jouself tans bevind en waar God wil hê jy moet wees.

As jy besef wie God werklik is, sal jy opnuut besef dat jy *moet verander...* en dat jy *kan verander*.

Filippense 4:13 – Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.





Wat beteken dit vir jou?

God roep ons tot verandering, Hy gee die behoefte by ons om te wil verander en deur die Heilige Gees gee Hy vir ons die krag om te verander.

EERLIKHEID/ WAARHEID



**JY MOET
VERANDER...
JY KAN
VERANDER...**



A close-up photograph of a brown ant standing on a dark, textured surface, holding a long, thin, charred piece of wood horizontally above its head with its front legs. The background is a soft, warm orange glow.

EK IS TOT ALLES IN STAAT

DEUR
CHRISTUS
WAT MY KRAG GEE

FILIPPENSE 4:13

Stap 2: Blywende verandering vra beter en wyse besluite.

Ons is dikwels so gefrustreerd omdat ons wil verander, maar dit nie regkry nie. Ons verval in ou gewoontes of het die heeltyd verskonings of word oorlaai met al die keuses wat mens het.

God maak dit vir ons makliker om wyse besluite te maak en vorentoe te beweeg in die regte rigting.

Lees 1 Petrus 1:13-19 en 1 Tessalonisense 4:1-8.

'Daarom, omgord die lendene van julle verstand, en deur nugter op te tree, hoop volkome op die genade wat tydens die openbaring van Jesus •Christus vir julle gebring sal word. As gehoorsame kinders moet julle nie lewe in ooreenstemming met julle natuurlike begeertes van vroeër, toe julle nog sonder kennis was nie.

Inteendeel, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle in julle hele lewenswandel heilig wees. Daarom staan daar geskryf: “Wees heilig, want Ek is heilig.” En as julle Hom wat nie volgens die uiterlike oordeel nie, maar ooreenkomstig elkeen se optrede, wel as Vader aanroep, tree dan met ontsag op in die tyd van julle vreemdelingskap. Julle weet tog dat julle nie met iets vergankliks, soos silwer of goud, losgekoop is uit julle sinlose leefwyse, wat deur julle voorvaders aan julle oorgelewer is nie, maar dat julle losgekoop is met die kosbare bloed van •Christus – Hy wat soos 'n lam is, vlekloos en sonder liggaamsgebrek. '

1 Petrus 1:13-19

' Verder dan, broers, vra ons julle, en spoor ons julle ter wille van die Here Jesus aan: Julle is deur ons onderrig oor hoe julle moet leef om God te behaag; julle leef inderdaad reeds hiervolgens, maar julle moet nog al hoe meer so leef. Julle weet tog watter voorskrifte ons vir julle gegee het deur die Here Jesus. Want dit is God se wil dat julle heilig moet leef: dat julle julle sal weerhou van onsedelikheid, dat elkeen sal weet hoe om sy eie vrou op 'n heilige en eerbare wyse te verkry, nie uit wellustige begeerte soos die heidene wat God nie ken nie, en dat hy nie sal oortree, en sy broer in dié saak bedrieg nie. Want, soos ons tevore vir julle gesê en nadruklik bevestig het: die Here vergeld al hierdie dinge. God het ons tog nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligheid. Daarom dan: die een wat dit verontagsaam, verontagsaam nie 'n mens nie, maar God, wat sy Heilige Gees aan julle gegee het. '

1 Tessalonisense 4:1-8

*Wat staan vir jou uit in hierdie twee teksgedeeltes? Wat sê dit vir jou van God?
En van jouself?*

- Dink – wees nugter, gebruik die kennis wat jy het, wees gefokus
- Heilig – God is Heilig
- Heilig – God roep ons tot heiligheid
- Ontsag – neem verantwoordelikheid, tree met outoriteit op – doen!

Ons moet nie net dink nie, maar ons moet oorgaan tot aksie en goeie besluite!

Tussen al die baie keuses wat ons daaglik moet bedink en oorweeg, moet ons oorgaan om besluite te maak.

Dit begin alles by EEN besluit. Die EERSTE besluit wat ons moet maak.



Blywende verandering begin met
EEN, INTENSIONELE besluit wat jou
daaglikse, klein gewoontes bepaal

Kies om binne God se wil te wees en Hom te eer – met jou hele liggaam, siel en gees.

In 1 Tessaloniense 4 vergelyk Paulus die pad van heiligheid met die pad van onreinheid, wat net mooi die teenoorgestelde is. So as jy nie Heilig is nie, dan is jy eintlik onrein. Daar is niks tussenin nie. Dít is die eerste, belangrikste besluit wat ons maak, wat die res van ons besluite eintlik baie makliker gaan maak.

Dink maar aan die verskillende keuses wat 'n mens het om te eet. As jy 'n eerste intensionele besluit gemaak het om God te eer met jou liggaam en die werk te doen waarvoor Hy jou geroep het... dan sal jy twee keer dink oor die besluite wat jy maak in terme van wat jy eet. Besluite wat jou gesond hou, fiks hou, skerp hou, laat fokus...





Watter area van jou lewe sukkel jy tans om besluite te maak?

Wat is die keuses wat jy het?

Hoekom is dit vir jou moeilik om oor te gaan tot aksie?

Ons sukkel dikwels om goeie besluite in ons lewe te maak en oor te gaan tot aksie. Ons wil dalk, maar kom nie so ver nie. Hier is drie moontlike redes vir ons frustrasie in die lewe.

- 1. Ons houding teenoor sonde is meer selfgesentreerd as God-gesentreerd***
- 2. Ons verstaan nie mooi wat dit beteken om met geloof te lewe nie***
- 3. Ons neem nie alles ernstig op nie***

1. Ons houding teenoor sonde is meer selfgesentreerd as God-gesentreerd



Ons dink ons besluite is vir onself, maar wanneer ons besef dat dit vir God is, sal ons anders daarna kyk.

Ons heel eerste en belangrikste besluit behoort te wees dat ons God wil vereer en Hom wil gehoorsaam.

Aan die teenkant, alles wat ons doen wat nie binne God se wil is nie, doen oneer aan Hom. Ons sondig nie net of oortree die wet nie; ons sondig teen God.

God wil jou hele liggaam, siel en gees oorneem en daarom moet alle areas van jou lewe Hom eer.

Alles wat ons doen, doen ons meer vir God as vir onself – daarom maak elke besluit saak!

Hoe help hierdie jou om sekere besluite in jou lewe te maak?

2. Ons verstaan nie mooi wat dit beteken “lewe met geloof nie”.



Een van die grootste gevare is nie noodwendig dat ons verkeerde besluite maak nie... maar dat ons geen besluite maak nie! As jy op die draadsit en wag vir iets om te gebeur of uitstel of verskonings maak, het jy eintlik klaar gekies of toegelaat dat iemand anders as God vir jou kies!

Om met geloof te leef beteken nie jy moet stilsit en kyk wat gebeur nie, dit beteken juis ons kan aktief en intensioneel vertrou en beweeg met die wete dat God ons die krag gee om agter Hom aan te loop.

Daar is baie keuses, maar jy MOET 'n besluit maak. Mag daardie besluit die regte een wees, want dit bepaal die volgende stappe en besluite in jou lewe.

In watter areas van jou lewe sit jy dalk op die draad? Wat maak dat jy besluiteloos is of traag om in 'n rigting te beweeg?

3. Ons neem dit nie ernstig op nie



Nog 'n rede hoekom ons nie oorgaan tot aksie nie, is om dat ons nie ernstig genoeg is oor die klein dingetjies wat ons daaglik doen nie. Dalk het jy besluit jy wil Heilig wees en kies jy die Here in jou lewe, maar dink nie dis belangrik om dit ook in die klein alledaagse dingetjies hoef te doen nie.

Wat het kos nou met my geloof te doen? Wat het 'n padreël nou te doen met heiligheid? Wat het my kleredrag nou te doen met die Here?

Klein en skynbaar onbenullige toegewings is dalk nie so skadelik nie, maar dit kan die begin wees van groter en erger dinge. En in God se oë is daar nie klein en groot sondes nie. Dit is of binne sy wil of dit is nie.

Die pad na heiligheid is 'n lang proses, gevorm deur daaglikse klein gewoontes.

Dit is ook goeie nuus om te weet dat elke klein, skynbaar onbenullige aksie in die regte rigting ook nie tevergeefs is nie! Een goeie besluit of goeie daad is reeds 'n reuse verbetering op gister!

You are
one decision
away from
a completely
different life.



Pas hierdie beginsel op verskeie areas van jou lewe toe.

Dink maar aan die huwelik. As jy besluit het om 'n verbintenis te maak – die eerste beste belangrikste besluit – dan is al die besluite daarna eintlik baie maklik.

Maak jy nie daardie verbintenis of besluit in jou lewe nie en val maar net rond van een verhouding tot die volgende – dan het jy eintlik klaar gekies in die teenoorgestelde rigting as God se heiligheid.

Dink mooi oor die belangrikste, eerste besluit wat jy vandag moet maak, want dit het groot gevolge vir die toekoms. Maar dit maak jou volgende besluite ook soveel makliker.

God roep ons tot aksie! Maak vandag daardie een goeie besluit uit al die keuses wat jy het en verwag hoe Hy jou daar sal ontmoet.

Watter besluit stel jy al vir baie lank uit?

Watter klein goeie aksie kan jy vandag reeds doen in terme van jou eetgewoontes, fiksheid, gesondheid, vriende, geloof, finansies, fokus?

BID:

Here, gee my die krag om vandag gehoorsaam te wees in die klein dingetjies.

Help my om meer intensioneel en doelgerig in my besluite en dade te wees.

Dankie dat U my vrygekoop het om beter besluite te kan neem en die pad na heiligheid te kan stap.

Amen.



'Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorzaam was – nie net in my teenwoordigheid nie, maar nou ook nog veel meer in my afwesigheid – werk met vrees en bewing aan julle verlossing. Want Hy wat die gewilligheid en die optrede in julle bewerk soos Hy dit goedvind, is God.'

Filippense 2:12-13

